# Klub skop af met puik foto's



Reneé Storme se "Hibberdene Sunrise".

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur-fotograwe, het 2018 met die maandtema, *Spreekwoorde,* afgeskop.

Dié tema het vir goeie inskrywings gesorg en die beoordelaars het behoorlik kopgekrap om 'n wenner te kies. Dit was uiteindelik Gerrie Labuschagne, 'n vierster-fotograaf, se ***Sonder om te blik of te bloos*** wat as die wenner aangewys is.

Maand-temas word só gekies dat fotograwe deur die loop van die jaar geleentheid kry om hul veelsydigheid te wys en so ook nuwe vaardighede aan te leer.

In die monochroom-afdeling (swart&wit) het senior-fotograaf Hennie Karsten se prag foto, ***It's raining again***, gewen.

In die ope-afdeling waar enige foto ingeskryf kan word, het die seniorwenfoto aan Reneé Storme behoort. Haar ***Hibberdene sunrise*** het die drie beoordelaars baie opgewonde gehad. Dit is 'n uitstekende foto maar ook een wat die bekende, maar geykte, reels verbreek. Tweede in hierdie kategorie was Hennie Karsten se *The eye sees the music*.

In die junior-afdeling (1 - 3 Ster) was Dricky Gouws se ***Running Home*** die wenfoto, met Nicolaas Louw se ***Lugballon*** in die tweede plek.

Die klub bied 'n interessante kursus vir beginners in 2018 aan. Verskeie aspekte van fotografie sal bestudeer word. Alle belangstellendes is welkom om meer oor hulle kameras en fotografie te kom leer. Die kursus word oor twee naweke deur senior- fotograwe aangebied op 17 & 18 Februarie en 17 & 18 Maart. Meer inligting is by Henk Scheepers by henks@attorneys.co.za of 072 260 0513 beskikbaar.

* Alle amateur fotograwe word genooi om hul klubaande op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor ouditorium in Vanderbijlpark by te woon op die derde Vrydagaand van elke maand, behalwe Desember. Klubaande begin om 18:30. Die volgende klubaand vind plaas op 16 Februarie en die tema van die maand onderwerp is makro-fotografie.

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is geaffilieer by PSSA (Photographic Society of South Africa), die nasionale liggaam wat na die belange van amateur fotograwe in Suid-Afrika omsien.

PSSA bied elke maand 'n kompetisie vir geaffilieerde klubs aan en die beste foto tydens 'n klub aand word vir hierdie kompetisie ingeskryf. Die kontakpersoon is Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

Besoek hul facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke opgelaai word. Die klub se moderne en interessante webwerf www.vdbp-fotografie.org wys op 'n gereelde basis die wenfoto's en daar is ook baie inligting wat bekom kan word.



Hennie Karsten se "It's raining again".




Dricky Gouws se "Running Home".



Gerrie Labuschagne se "Sonder om te blik of te bloos".



Hennie Karsten se "The eye sees the music".



Nicolaas Louw se "Lugballon".